## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 3 SEPTEMBER 2023

# VEERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Ons matrieks wat hul rekordeksamen skryf***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 13:8-14; Psalm 149;**
**Eksodus 12:1-14; Matteus 18:15-20**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 3 SEPTEMBER** | |
| | NASIONALE BIDDAG VIR DOWES |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Instituut vir Dowes<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| GEEN | **Gemeentetee** |
| **MAANDAG, 4 SEPTEMBER** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 5 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 6 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Biduur |
| 19:00 | Kerkraadsvergadering |

**DONDERDAG, 7 SEPTEMBER**

09:30 Dienssentrum vir Seniors – Mosaiek deur Emma Blommaert

Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier, Kotie Jonas, Marietjie Basson

**VRYDAG, 8 SEPTEMBER**

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

**SATERDAG, 9 SEPTEMBER**

**SONDAG, 10 SEPTEMBER**

VYFTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD
TOERUSTINGSONDAG

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Bediening aan Jode
Erediensspan 2 – Elsa Welman
09:00 Kleuter- en Kinderkerk

- **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

# GEMEENTENUUS



1. Jackie Barnard (Poekoe Slot) se ma is oorlede en haar man, Len Barnard, se pa is ook oorlede.
2. Miemmie Myburgh (Manatokalaan) het ‘n kleindogter ryker geraak.
3. Arnu en Natasha-Lee Marais (Zevenwacht Country Estate) het ‘n baba ryker geword. André en Ronel Marais is die oupa en ouma.
4. Albert en Annelie Marais (Klein Zevenwacht) se seun Albertus het die Potentia Toekenning vir 2023 by Hoërskool De Kuilen ontvang.
5. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
   Conré Wessels, seuntjie van Renier en Lizaan Wessels. Arthur en Alana Geerdts is die grootouers.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons wil graag baie dankie sê aan almal wat betrokke is by die klank en power point elke Sondag. Welkom terug aan Ruan de Mon. Baie dankie aan Karel van Schalkwyk wat vir hom ingestaan het terwyl Ruan in Ghana gewerk het.
2. Bybels: Ons het Engelse en Xhosa Bybels vir verspreiding na huiswerkers, tuinwerkers, petroljoggies, karwagte, ens. Kontak gerus die kerkkantoor.
3. Ds Chris Barnardo is vanaf Woensdag 6 September 2023 met verlof. Kontak ds Hannes indien jy ‘n leraar genodig.
4. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 6 September 2023 om 19:00.
5. Baie dankie aan Louis Hurter wat die afgelope maand waargeneem het as koster.
6. Baie dankie aan Piet Rootman wat vandag uithelp as koster.

# BLIKKIES

Eet jy gereeld uit? Uit blikkies uit?
Bring jou leë blikkies na die kerk – ons benodig dit vir 'n projek.
By voorbaat dankie.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



03/09 Maureen Robertson, Liné Nel
04/09 Maranda van der Merwe, Janette van Rensburg
05/09 Kobus Neethling, Melissa Boyes, Glynn Moolman
06/09 Elba Fourie, Aldoreen van Zyl, Vicci Scholtz, Zanelle Kotze, Maxie Herbst, Elizma O'Leary, Alex de Kock
07/09 Annelene Traut, Werner Smit, Rian van Staden, Elize Booysens (88), Jacobus Nel
08/09 Antoinette Hugo, Johan Basson, Erika Huddlestone, Kayleigh Vermaak
09/09 Willem Snyder, Yolanda Hagen, Anna-Mari Steyn
10/09 Nadia de Kock, Paul Mulder, Lize-Mari Müller, Wena Fourie, Eduard Wessels

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Instituut vir Dowes

Die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Die visie van NID is die holistiese ontwikkeling van die volle potensiaal van persone met gehoorverlies in Suid-Afrika deur noodsaaklike kwaliteit-dienste aan hulle te lewer. NID se sorg, opleiding en steundienste sluit die volgende in: Bied volhoubare sorg, ontwikkelings- en opleidingsprogramme aan volwasse meervoudig-gestremde Dowes en Dowe persone met spesiale behoeftes, in beskermde werkswinkels, residensieel en binne die Dowe gemeenskap. Versorging van Dowe bejaardes in 'n doof-vriendelike omgewing in die bejaardesorg-afdeling, Shalom. NID Opleiding bied geakkrediteerde beroepsopleiding aan Dowe studente in 'n variasie van opleidingsprogramme. Geïntegreerde Steundienste bied multi-dissiplinêre steundienste aan persone met gehoorverlies bv. tolkdienste, opleiding, beskikbaarstel en verbesondering van inligting, sowel as maatskaplike en terapeutiese ondersteuning. De la Bat-gemeente (Bellville) en Dowe Familie Kerk (Worcester) voorsien geestelike versorging aan die Dowe gemeenskap in Bellville, Worcester en omliggende areas waarmee NID help.
Bid dat al die Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.

Mnr Cobus van Deventer | 023 342 5555 | fr.nid@nid.org.za

Webwerf: http://www.nid.org.za

# NUUS UIT DIE GETUIENISAKSIE KOMMISSIE

Tillie van Tonder was vir meer as 20 jaar sekretaresse van die Getuienisaksie Kommissie. Sy tree die einde van die jaar af.

Die kommissie is dus nou op soek na 'n nuwe sekretaresse. Van die persoon sal verwag word om tydens die kwartaallikse kommissie vergadering die notule te hou en na die kommissielede te versprei.

Skakel gerus met die voorsitter van die kommissie, Louis Hurter, by 083 338 2003 indien jy betrokke wil raak.

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif na Saterdag 21 Oktober 2023.

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.



# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 18 Oktober 2023 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om 'n sukses van die aand te maak.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is om as gasheer/-vrou op te tree.

Dirk Brits
Sameroeper

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45                10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.



# KLERE EN VERE

Baie, baie dankie aan elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het om ons Uitreikspan met **'n vol vrag omgee en meelewendheid na Nuwerus** te stuur!

Wees bly saam met ons en hou aan om hierdie getuienis-projek te ondersteun, asseblief!

Groetnis
2 Vere

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Selfs *sonder* 'n spenslys sorg De Eike / JY, dat **Die Kosmandjie** altyd kan help. So beleef ons hoe ons **Voorsiener** sorg bring waar dit nodig is.

**Spenslys**

| | |
|---|---|
| Langlewe Melk | Poeiermelk |
| Koffie | Bruismeel |
| Suiker | Soja maalvleis |
| Ontbytpap | Tuna / Sardiens |
| Spaghetti | Sneesdoekies |
| Soppoeier | Wasgoedseeppoeier |
| Kookolie | |



Baie dankie vir jou oop hart en hande!

Groetnis

# DIE AKKER

Weens die uitreik na Nuwerus sal Tim eers Maandag die Akker uitstuur na lidmate.

Ons vra omverskoning vir enige ongerief.

# PREEKSKETS

## TEMA – PAULUS SE RIGLYNE VIR DIE CHRISTELIKE LEWE.



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Romeine 12

Romeine 12 gee vir ons die sleutel van die Christelike lewe.
- Die logiese reaksie op al God se liefde: Gee julleself aan God.
- Dis ‘n radikale opdrag wat totale oorgawe eis.
- Maar dis ook die maklikste opdrag ooit: “Laat *God* julle verander...”

1. **En wat gebeur dan?**
   - Jou lewe kry ‘n nuwe tema: Die Goddelike Liefde.
   - Dis uniek; heeltemal anders as enigiets wat die wêreld ken.
   - En dis die toetssteen van ‘n lewe wat waarlik aan God behoort.
   - So raak Romeine 12 ‘n spieël wat ons toets...

2. **Die volgende sleutelwoord is “hoop”**.
   - Dis saam met vrede en vreugde die wonderlikste gawe wat die Here gee.
   - Dit beteken: *my toekoms is veilig by God.*
   - Daarom kan ek toegewyd en geesdriftig die Here dien, en volhard!

3. **Maar nou is die groot vraag: Hoe is dit moontlik?**
   - Die sleutel is vers 16: “Skaar julle by die nederiges...”
   - Moenie meer van jouself dink as wat jy behoort te dink nie...” (v. 3).
   - Onthou, dis die kindertjies wat die knoinkryk binnegaan...(Luk 18:16).